

# GEMEENTE.

# LES 46

<b>1</b>	GEBED
----------	-------

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

<b>2</b>	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> OPENBARING 12 - 14
----------	---

**Maak beurte en vertel/deel (of lees )kortliks** wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Openbaring 12 - 14). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

<b>3</b>	MEMORISERING (5 minute) <i>[SLEUTELVERSE IN JOHANNES]</i> (19) JOHANNES 17:15
----------	--

**Herhaal twee - twee die nuwe Bybelvers:**

(19) Johannes 17:15. “Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose moet bewaar.”

<b>4</b>	BYBELSTUDIE (85 minute) <i>[EVANGELIE VAN JOHANNES]</i> JOHANNES 21:1-25
----------	---

**Inleiding.** In Johannes 21 verskyn Jesus Christus aan sewe van sy dissipels by die Meer van Galilea en herstel Petrus as een van sy apostels. Die skrywer sluit sy Evangelie af met ’n eenparige getuienis van ’n groep Christene m.b.t. die betroubaarheid van die dinge wat in die Evangelie van Johannes opgeteken is.

<b>STAP 1. LEES.</b>	<b>GOD SE WOORD</b>
<i>Lees.</i> Ons gaan Johannes 21:1-25 saam bestudeer. Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.	

<b>STAP 2. ONTDEK.</b>	<b>WAARNEMINGS</b>
<b>Oorweeg.</b> WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK? Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART? <b>Skryf neer.</b> Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek. <b>Deel.</b> Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het. Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.	

**Ontdekking 1. Die betekenis van die wonder van die vermenigvuldiging van visse.**

In Johannes 16:32 het Jesus Christus gesê: “Daar kom ’n tyd ... dat julle uitmekaar gejaag sal word, elkeen sy eie koers in (d.w.s. na sy eie huis en besigheid toe)”. Na die kruisiging en opstanding van die Here Jesus Christus het die dissipels hulle aktiwiteite in die Koninkryk van God gestaak en het hulle weer teruggekeer na hulle vroeë beroepe om aan die lewe te bly. Sommige van hulle was vroeë vissers en het weer gaan visvang. En so herhaal die geskiedenis homself. Net soos in Lukas 5 het die dissipels die hele nag deur probeer visvang, maar hulle het niks gevang nie! Die feit dat hulle niks gevang het nie was dalk ’n uitdrukking van God se misnoeë dat hulle hul werk in die Koninkryk gestaak het. Tog hou God van hulle en laat Hy hulle nie in die steek nie!

(1) Die doel van die wonder van die vermenigvuldiging van visse.

Vroeg in die môre het Jesus Christus by die Meer van Galilea gestaan, maar vanweë die vroeë lig of oggendmis kon hulle Hom nie herken nie. Hy het hulle geroep en gevra: “Mense, het julle nie iets (m.n. vis) gevang om te eet nie?” Jesus het geweet dat hulle niks gevang het nie, maar het nogtans die vraag gevra om die aandag van die dissipels te vestig op die feit dat hulle terugkeer na hulle ou beroepe ’n mislukking was. Die dissipels het nie rekening gehou met God se plan vir hulle lewe nie. Dit was asof Jesus Christus vir hulle gesê het, “Het julle niks gevang nie?” “Sonder My kan julle niks doen nie” (Johannes 15:5)! Jesus Christus wou gehad het dat sy dissipels hierdie les eens en vir altyd leer. *Sonder Jesus Christus* kan hulle niks (wat ewigheidswaardes) doen nie. Maar *mét Jesus Christus* sou sy buitengewone plan vir hulle lewens in vervulling gaan!

Die dissipels het toe geantwoord: “Nee.” Toe sê Jesus: “Gooi die net aan die regterkant van die skuit uit, dan sal julle iets kry.” Die reaksie van die dissipels was ongewoon. Ervare vissers laat meestal nie toe dat ’n vreemdeling hulle vertel hoe hulle moet visvang nie, ’n beroep wat hulle hul hele lewe al beoefen het! Maar die stem van die vreemdeling was so indringend dat hulle onmiddellik gehoorsaam het. Hulle het soveel vis gevang dat hulle na groot moeite nie daarin geslaag het om die net met visse in die boot te trek nie. Hulle moes die net na die oewer toe sleep. Later het hulle 153 groot visse getel en tóg het die net nie geskeur nie. Hierdie gedeelte beskryf die eerste wonderteken: die vermenigvuldiging van visse!

Die doel van die wonderteken van die vermenigvuldiging van visse was tweeledig:

- Die eerste doel van hierdie wonderteken was om die oë van die dissipels te open sodat hulle kon beseef dat hulle sonder Jesus Christus niks kon regkry nie (Johannes 15:5).
- Die tweede doel van hierdie wonderteken was om die geloof van die dissipels in Jesus Christus en in sy krag en liefde vir hulle te versterk!

Wat my diep beïndruk is dat Jesus steeds weer in die besondere omstandighede van my lewe inkom en my steeds weer ’n nuwe taak en nuwe hoop vir my lewe gee! Wanneer één deur toegaan, maak Hy ’n ander deur oop (Openbaring 3:7-8). Wanneer Hy klaar is met die skryf van die eerste hoofstuk in my lewe, begin Hy met die tweede hoofstuk (2 Korintiërs 3:2-3).

(2) Die moontlike simboliese betekenis van hierdie wonder.

Die Bybel gee geen aanduiding van wat die betekenis van die getal ‘153 visse’ is nie. Daar is geen verband met die konteks nie. Die groot getal het waarskynlik gewys na die feit dat die dissipels ’n groot vangs van nuwe gelowiges in Jesus Christus sou maak deur hulle verkondiging en onderrig (Matteus 4:19; 24:14).

As daar enige simboliese betekenis was in die feit dat die net nie geskeur het nie, dan moet dit wel wees dat die net van die evangelieverkondiging nooit sal skeur nie, afgesien van hoe groot die vangs van nuwe gelowiges ook al mag wees! Daar is geen beperking m.b.t. die getal bekeerlinge in die Koninkryk van God nie (Openbaring 5:9-10; 7:9)!

As daar enige simboliese betekenis was in die feit dat die dissipels die net met die vangs nie in die boot kon trek nie, dan moet dit wel wees dat geen enkele skaapskraal groot genoeg is om alle skape in die kudde van die Goeie Herder ’n plek te gee nie (Johannes 10:3-16). Geen gemeente en geen kerkgenootskap is groot genoeg om alle Christene in die Koninkryk van God in die wêreld ’n plek te gee nie! Alle gemeentes in die wêreld het mekaar nodig om die groot opdrag uit te voer en te voltooi!

---

## Ontdekking 2. Die betekenis van die teken van die vermenigvuldiging van één vis en één brood.

(1) Die doel van die wonder van die vermenigvuldiging van één vis en één brood.

Gewoonlik het Johannes ’n geestelike waarheid bietjie vinniger as Petrus begryp, maar hierdie keer het Petrus gouer as Johannes opgetree (Johannes 20:3-6). Dus, toe Johannes beseef het dat die vreemdeling aan die oewer Jesus Christus was, het hy dit aan Petrus vertel en Petrus het onmiddellik oorboord gespring en na die oewer toe geswem, omdat hy die eerste by Jesus wou wees! Die ander dissipels het in die boot gevolg en die net met visse op die oewer uitgetrek. Toe hulle aan land gekom het, het hulle ’n kolevuur gesien “met vis (enkelvoud) wat daarop lê en brood” (enkelvoud).<sup>1</sup>

As die woorde ‘vis’ en ‘brood’ (enkelvoud) in vers 9 en 13 ’n kollektiewe betekenis het (stukke vis en brode), dan beskryf hierdie gedeelte geen wonderteken nie, maar ’n gewone ontbyt. Dan het Jesus die dissipels gevra om van die vis wat hulle gevang het, te bring. Maar as hierdie woorde ’n letterlike betekenis het (soos sekerlik in vers 13) (één vis en één brood)<sup>2</sup>, dan kom wat Jesus aan hulle voorgesit het nie uit hulle vangs nie! Dan beskryf hierdie gedeelte die tweede wonderteken: die vermenigvuldiging van één vis en één brood!

In Johannes 6 het Jesus Christus ook ’n wonder gedoen van die voeding van die vyfduisend manne, behalwe die vrouens en kinders, met vyf brode en twee visse (Johannes 6:11). In Johannes 21 het Jesus sewe hongerige manne uitgenooi vir ontbyt met één vis en één brood (pannekoek) wat Hyself verskaf het nog voordat die dissipels aan land gekom het met die vangs. Hy het die brood geneem, dit in stukke gebreek en aan die dissipels gegee. Net so ook die vis. So het Hy ook voorheen gemaak by die voeding van die vyfduisend. Weereens het Jesus Christus ’n wonderteken gedoen deur één vis en één brood onder die hongerige aanwesiges te verdeel!

Die doel van hierdie vermenigvuldiging van die één brood en die één vis was ook tweeledig:

- Die eerste doel van die vermenigvuldiging van die één vis en die één brood was om sy dissipels te herinner aan die roeping en taak wat hulle moes vervul, naamlik, om hulle nie besig te hou met hulle ou beroep (vissers) nie, maar om die evangelie te verkondig en dissipels te maak (vissers van mense te wees) (Matteus 4:19)!
- Die tweede doel van die wonderwerk was om sy dissipels daaraan te herinner dat dit altyd die Here Jesus Christus is wat die getal bekeerlinge vermenigvuldig en geestelike groei gee (1 Korintiërs 3:6)!

---

<sup>1</sup> Grieks: opsarion epikeimenon kai arton.

<sup>2</sup> Grieks: ton arton kai to opsarion

(2) Die wonders is tekens.

Beide wonders van vermenigvuldiging het hier ook die funksie van ‘n teken’, d.w.s., ‘n wonderwerk met ’n boodskap oor wie Jesus Christus is!’ Die lesers kry die indruk dat daar meer ter sprake is as wat mens op die oog af kan sien en die betekenis van die wonder ontvou in die res van die hoofstuk. Die wondertekens is gelykenisse oor die sendingsaktiwiteit van die dissipels wat nog vóór hulle gelê het!

### STAP 3. VRAAG.

### UITLEG

**Oorweeg.** WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Johannes 21:1-25 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

**Skryf neer.** Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

**Deel.** Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen ’n beurt kry om hulle vraag te lees.

**Bespreek.** Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

21:15-17

#### Vraag 1. Waarom vra Jesus drie keer vir Petrus of hy Hom liefhet?

(1) Die gebeure in hierdie hoofstuk is die omgekeerde van die gebeure waarin Petrus drie keer Jesus verloën het.

Na die ontbyt het Jesus Hom op Petrus gerig om hom openlik in sy amp as apostel van Jesus Christus te herstel. Hy wil hê dat die hele Kerk/Gemeente moet weet dat Hy Petrus, én die ander dissipels vergewe het vir hulle verloëning van Hom en vir hulle wegvlug van sy verhoor en sy kruisiging. Die omstandighede en die woorde van Jesus moes Petrus herinner aan die hartseer toneel van sy verloëning van Jesus.

- Dit was by ’n koolvuur in die voorhof van die hoëpriester se huis dat Petrus vir Jesus verloën het (Johannes 18:18). Hier was dit weer by ’n koolvuur op die strand waar Petrus sy liefde vir Jesus bely het.
- Ongeveer tien dae vantevore het Petrus Jesus drie keer in die openbaar verloën en gesê dat Hy Jesus nie ken nie (Johannes 18:17,25,27). Nou moes Petrus drie keer in die openbaar bely dat Jesus Christus die Here is wat hy liefhet.
- Die voorspelling dat Petrus Jesus drie keer sou verloën, is ingelei met die woorde, “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou” (AOV) (Grieks: amen, amen) (Johannes 13:38). Nou word die voorspelling oor hoe Petrus later sou sterf ook ingelei met dieselfde woorde (Johannes 21:18).
- In Johannes 13:36-38 het Petrus belowe dat hy Jesus sou volg en sy lewe vir Jesus sou aflê, maar Jesus het voorspel dat Petrus Hom drie keer sou verloën. Die volgorde van Petrus se uitsprake was: Jesus volg, sy lewe vir Jesus aflê en tog Jesus verloën.

In Johannes 21:15-19 het Jesus vir Petrus in die omgekeerde rigting gelei: hy moes drie keer sy liefde vir Jesus bely, Jesus het voorspel dat Petrus sy lewe vir Hom sou aflê en hy het Petrus aangemoedig om Hom te volg. Nou was die volgorde: Jesus bely, sy lewe vir Jesus aflê en Jesus met volharding volg.

Ware dissipelskap vind nie plaas deur Jesus Christus in vleeslike krag (met ’n menslike besluit en met menslike wilskrag) te volg nie. Ware dissipelskap gebeur wanneer jy bevestig dat Jesus Christus jou eerste liefde is (Openbaring 2:4) en wanneer jy die koste om Jesus te volg bereken het, naamlik, om *daaglik* jou kruis op te neem (Lukas 9:23; 14:25-30).

(2) Die grootpraterij van Petrus is verander in die nederigheid van Petrus.

In Matteus 26:33 het Petrus gespog dat, selfs al sou die ander dissipels afvallig raak van Jesus, sou hy Jesus nooit in die steek laat nie! Petrus het ’n oordrewe selfbeeld en plaas homself bó die ander dissipels. Daarom was dit gepas dat Jesus vir Petrus vra of hy Hom *meer liefhet as die ander dissipels* (Johannes 21:15). Jesus gee Petrus ’n kans om in die teenwoordigheid van die ander dissipels nederig te bely dat hy van Jesus hou, sonder om homself met die ander dissipels te vergelyk!

Jesus en Petrus gebruik in hierdie verse twee verskillende woorde vir ‘liefhê’:

- Die eerste woord beteken ‘liefhê deur jouself op te offer met jou hele persoonlikheid, gevoelens en handeling’ (Grieks: agapaó) (Markus 12:30-31)
- Die tweede woord beteken ‘opreg hou van, jou verbind voel aan die ander’ (Grieks: fileó).

Die eerste keer het Jesus vir Petrus gevra: “Het jy My baie lief, meer as hulle hier?”, d.w.s. “Het jy My lief met selfopofferende liefde en absolute toewyding méér as die ander dissipels?” Maar Petrus het hom geskaam vir sy vroeëre verloëning van Jesus en het heel beskeie gesê: “Ja, Here, U weet dat ek U van U hou”, d.w.s. “U weet dat ek my aan U verbonde voel.”

Die tweede keer het Jesus vir Petrus gevra: “Het jy My lief?”, d.w.s. “Het jy My lief met selfopofferende liefde en absolute toewyding?” Maar Petrus het nie durf om hierdie hoë vorm van liefde en toewyding (Grieks: agapé) te bevestig

nie en hy het geantwoord: “Ja, Here, U weet dat ek van U hou.” d.w.s. “U weet dat ek my aan U verbonde voel” (Grieks: filia).

Die derde keer het Jesus afgedaal na die vlak van Petrus en het Hy gebruik die woorde van Petrus gebruik en gevra: “Hou jy van My?” d.w.s. “Voel jy jou aan My verbonde?” Petrus was diep bedroef want dit het gelyk asof Jesus hom nie geglo het nie. Nietemin het Petrus sy les geleer en het hy nederig en beskeie gebly! Hy het nie meer gedurf om groot uitsprake oor homself te maak nie. Diep in sy hart was Petrus oortuig daarvan dat hy hierdie nederiger vorm van liefde vir Jesus gehad het en dat Jesus hom sou help om dit waar te maak. Daarom het hy geantwoord: “Here, U weet alles. U weet dat ek van U hou.”

(3) Petrus is weer in ere herstel.

Drie keer het Jesus sy opdrag aan Petrus herhaal:

- “Laat My lammers wei (voed, sorg vir)(Grieks: boskó)”
- “Pas My skape op (soos ’n herder) (Grieks: poimainó)”
- “Laat My skape wei (voed, sorg vir) (Grieks: boskó).”

Dit is geen verwysings na drie verskillende groepe mense in die Kerk/Gemeente nie, byvoorbeeld, die klein kindertjies, die volwassenes en die jeug.

Die verskillende terme verwys na *dieselfde kudde* van die Goeie Herder, maar *vanuit twee gesigspunte*:

- Gelowiges en hulle kinders word eers vergelyk met ‘lammers’. Hulle is onvolwasse, swak en hulpeloos. Hulle moet gevoed word met die Woord van God en dikwels gedra word.
- Daarna word gelowiges vergelyk met ‘skape’. Hulle is geneig om van die Herder af te dwaal en is afhanklik van ’n goeie herder vir alles. Hulle moet ‘behoed’ word, d.w.s. beskerm word teen rowers, in die regte rigting en na die rusplekke gelei word, gevoed word met die Woord van God en met liefde versorg word.

Na baie jare diens het die apostel Petrus nederig gebly en het hy Jesus Christus bly bely as ‘die Opperherder’ (1 Petrus 5:4; vergelyk Johannes 10:11-16) en ‘die Opsier’ (Grieks: biskop) (ANV: Bewaker) van julle lewe’ van alle gelowiges (1 Petrus 2:25). Die ouderlinge van ’n gemeente is niks meer as ‘onderherders onder die Opperherder’ nie (1 Petrus 5:1-4; vergelyk Esegël 34:1-24).

---

21:18-19

Vraag 2. Wat het Jesus Christus oor die toekoms van die apostel Petrus gesê?

**Aantekeninge.**

(1) Jesus het ’n voorspelling gemaak oor hoe Petrus sou sterwe.

Nadat Jesus Petrus in sy amp as apostel herstel het, het Hy ’n voorspelling gemaak oor hoe Petrus sy lewe vir Hom sou aflê. Jesus het eers gepraat oor Petrus toe hy nog jonger was. Toe was Petrus waarskynlik ’n baie onafhanklike mens wat gedoen het wat hy wou. Hy het homself aangetrek en gegaan waar hy wil” (Johannes 21:18).

Jesus het hierdie dinge oor Petrus gesê tydens sy sewende verskyning, in ongeveer 30 n.C. Petrus was toe waarskynlik ouer as Johannes.

Toe het Jesus vir Petrus gesê: “Wanneer jy oud is ...”. Daar kom ’n tyd in Petrus se lewe dat hy sy hande sou uitsteek en iemand anders sou hom aantrek en sou hom bring waar hy nie wil wees nie. Jesus het dit gesê om aan te toon hoe Petrus Hom sou verheerlik in sy sterwe. Toe die Evangelie van Johannes geskryf is (tussen 70 en 98 n.C.) was Petrus al dood en mense het geweet hoe hy gesterf het. Hoewel die Bybel ons nie vertel hoe Petrus gesterf het nie, sê die Vroeë Kerkgeskiedenis, “Petrus het die evangelie aan die Jode in die verstrooiing, veral in Klein Asië (moderne Turkye) verkondig. Uiteindelik het hy na Rome toe gegaan en tydens die groot vervolging (van Christene) onder keiser Nero in 64 n.C. is Petrus onderstebo gekruisig.”

(2) Jesus het Petrus geleer om Hom in alle omstandighede in die lewe te bly volg.

Toe Jesus klaar was met sy voorspelling, het Hy vir Petrus gesê: “Volg My!” Wat ook al in die toekoms mag gebeur, Petrus moet nou in die huidige tyd ’n dissipel en apostel van Jesus wees en Hom so volg, dien, vir Hom ly en uiteindelik sterf.

---

21:19-23

Vraag 3. Wat het Jesus Christus oor die toekoms van die apostel Johannes gesê?

**Aantekeninge.**

(1) Jesus het geen voorspelling gemaak oor die dood van die apostel Johannes nie.

Terwyl Jesus met Petrus weggeloop het, het Johannes hulle gevolg. Petrus het dit gesien en het toe ’n vraag aan Jesus gestel oor die toekoms van Johannes. Jesus het geantwoord: “As Ek wil hê dat hy in die lewe moet bly totdat Ek weer kom, is dit nie jou saak nie. Volg jý My (imperatief!)” Omdat Johannes nog geleef het toe hierdie woorde geskrywe is (tussen 70-98 n.C.), het sommige Christene gedink dat Johannes sou bly leef tot by die wederkoms van Jesus Christus. As Johannes toe nie meer geleef het nie, sou hierdie woorde van Jesus geen misverstand veroorsaak het nie. Maar Jesus het geensins bedoel om te sê dat Johannes sou bly leef tot by sy wederkoms nie. Wat het die woorde dan beteken?

(2) Jesus het vir Petrus geleer dat hy hom nie moet besighou met God se verborge wil nie.

Jesus Christus het gesê: “As Ek wil hê dat hy in die lewe moet bly totdat Ek kom, is dit nie jou saak nie”. Jesus Christus het sy eie plan met die apostel Johannes gehad en dit het niks te make met die apostel Petrus nie! Johannes sou ook ’n marteldood kon sterf of bly leef tot by die wederkoms – Petrus hoef nie te weet wat gaan gebeur nie! Jesus het nie sy verborge wil aan Johannes geopenbaar nie en ook nie aan Petrus nie! Nuuskierigheid oor die verloop van die toekoms is nie belangrik nie, maar wel gehoorsaamheid aan die bevel van Christus: “Volg My!” “Laat My lammers wei!” “Pas My skape op!” “Laat My skape wei!” Petrus moet hom nie besighou met God se verborge wil m.b.t. die toekoms van mense nie, maar wel met God se geopenbaarde wil vir mense! Petrus moenie inmeng in Christus se plan met Johannes nie. Petrus moet net sy eie roeping en taak getrou uitvoer!

Christene moet hulle nie besighou met die verborge wil van Jesus Christus nie, dinge wat Hy nie geopenbaar het nie! Hulle moet hulle besighou met die openbaring in die Bybel! “Wat nie geopenbaar is nie, is bekend aan die Here ons God, maar wat geopenbaar is, is vir altyd bekend aan ons en ons nageslag: ons moet lewe volgens al die woorde van hierdie wet” (Deuteronomium 29:29)! Daar is nog baie wat gedoen moet word!

- ‘n Wêreld vol mense moet die evangelie nog hoor (vergelyk Matteus 24:14)!
- Mense in alle volke van die wêreld moet dissipels van Jesus Christus gemaak word (Matteus 28:19)!
- Miljoene arm en behoeftige mense moet gevoed en versorg word!

Die apostel Petrus en alle Christene moet daaraan aandag gee! Daar is sekere vrae wat ongeoorloof en onvanpas is! Vrae oor God se ewige en verborge wil is altyd ongeoorloof en onvanpas!

#### STAP 4. DOEN.

#### TOEPASSINGS

**Oorweeg.** WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

**Deel en skryf neer.** Kom ons hou ‘n dinkskrum en stel ‘n kort lys saam van moontlike toepassings uit Johannes 21:1-25.

**Oorweeg.** WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

**Skryf neer.** As jy ‘n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel ‘n waarheid dieselfde bly, daar ‘n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg ‘n lys van moontlike toepassings.)

#### 1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes 21:1-25.

- 21:3. Petrus het teruggekeer na sy ou beroep toe. As jy nie meer weet wat jy moet doen nie, gaan dan terug na die laaste duidelike bevel van die Here Jesus Christus aan jou. Iemand het gesê: “Moet nooit in die duisternis twyfel oor wat God vir jou in die lig gesê het nie!”
- 21:4. Besef dat Jesus Christus jou op enige plek kan ontmoet sonder dat jy Hom direk herken!
- 21:6. Jy vertrou Jesus Christus as jy doen wat Hy sê! Gehoorsaamheid stel nooit teleur nie!
- 21:12. Moenie bang wees om Jesus te vra, “Wie is U?” nie. Net as jy soek, sal jy vind en net as jy vra, sal jy ontvang! (Matteus 7:7-8).
- 21:14. Die Bybel het alle verskynings van Jesus na sy opstanding opgeteken. Geen enkele ander godsdienstige leier in die wêreld het ooit deur sy dood versoening vir sondes gedoen nie. Daar is geen geskiedkundige bewys dat ‘n ander godsdienstige leier uit die dood opgestaan het nie! En daar is verder geen historiese bewys dat enige ander godsdienstige leier na sy dood aan mense verskyn het nie! Die opstanding uit die dood en die verskynings van Jesus Christus daarna is absoluut uniek in die wêreldgeskiedenis!
- 21:15-16. Hoe sou jy die vraag van Jesus: “Het jy My lief?” beantwoord?
- 21:15-17. Een van die belangrikste take in God se Koninkryk is die voeding en beskerming van sy skape.
- 21:18. Selfs al sou ‘n ander persoon jou lei waar jy nie heen wil gaan nie, is Jesus Christus altyd by jou (Matteus 28:20)!
- 21:19. Die verantwoordelikheid waarmee alle Christene hulle moet besighou is om Jesus Christus (as sy dissipel) te volg!
- 21:22. Christene moet hulle nie besighou met God se verborge wil nie, maar wél met God se geopenbaarde wil!

#### 2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes 21:1-25.

Ek leer uit die eerste les van Petrus om net realistiese en opregte uitsprake oor myself te maak. ‘n Oordrewe selfbeeld is hoogmoed en hoogmoed kom altyd tot ‘n val.

Ek leer uit die tweede les van Petrus om my nie besig te hou met God se verborge wil nie, maar wel met God se geopenbaarde wil in die Bybel! Dán wil ek al my energie en tyd steek om Jesus Christus te volg!

#### STAP 5. BID.

#### REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Johannes 20:1-31.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

<b>5</b>	GEBED (8 minute)	<i>[VOORBIDDING]</i> BID VIR ANDERE
----------	------------------	--

As *daar tyd is gaan voort met bid* in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

<b>6</b>	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	--------------------------	---

*Deel* die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Johannes 21 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Openbaring 15 - 18. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: (20) Johannes 18:36. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.